

Pinksterboodskap - Dinsdag 26 Mei 2020

Fokusteks: Openbaring 2:8-11

Ek geniet dit nogal om na die uitsending van die Comrades marathon te kyk. Maar ek stel nie soseer belang om te sien wie eerste by die wenstreep aankom nie. Nee, dis daardie atlete wat begin swaarkry en sukkel langs die pad wat my aandag trek. Jy kan sommer aan die gesigte sien wanneer moegheid en pyn sy tol begin eis. Dan is die uitdaging om klaar te maak, al kos dit ook wat. Dit verg moed, inspanning en baie deursettingsvermoë, maar dit maak die vreugde ekstra groot as hulle die wedloop uiteindelik voltooi. Dit bly altyd vir my 'n inspirerende prentjie om te sien hoe sulke atlete deur die skare met groot toejuiging aangemoedig word om tot aan die einde te volhard.

Dit is die prentjie wat jy moet sien as jy van die gemeente in Smirna lees - voluit en enduit om die kroon te ontvang. Dit is ook interessant dat die Here geen kritiek uitspreek teenoor hierdie gemeente nie (net soos die geval met Filadelfia se gemeente). Daar is net troos en bemoediging.

Eers 'n stukkie agtergrond oor die stad. Dit was een van die mooiste en rykste stede in Klein-Asië en is ook genoem die "kroon van Asië." Op hulle muntstukke was 'n sinsnede gegraveer: "Eerste in grootte en skoonheid." Dit was, net soos Efese, 'n florerende handelstad met 'n besige hawe. Hulle was onder meer bekend vir hul goeie wyn, mediese dienste, wetenskap en ryk godsdienstkultuur. Een van die strate het as "Godestraat" bekend gestaan. Daarin was daar 'n hele ry indrukwekkende tempels ter ere van verskillende gode. Voorwaar 'n ryk en roemryke stad ja, maar ongetwyfeld erg heidens.

In hierdie stad het 'n klein gemeente van die Here ontstaan. In kontras met die rykdom van die stad was hulle baie arm. Van al die sewe gemeentes waarvan ons lees het hulle die swaarste gekry omdat hulle so erg vervolgd is. Ons weet van 'n paar redes hoekom dit so was.

Een rede was die houding en optrede van hulle eie familie - die Jode. Tussen al die kulture en godsdienste was daar ook 'n Joodse gemeenskap met sinagoge en al. Maar hulle het dit vir die Christene baie moeilik gemaak. Hulle het ook gretig gehelp om die gelowiges by die owerhede verdag te maak en in onguns te bring. Die Jode kon die Christene nie verdra nie en was van mening dat die hulle vir die staat 'n groot gevaar was. Die Joodse Christene is ook nie meer as ware Jode beskou nie. Jesus sê in v.9 die Jode *dink* hulle is waarlik Jode, maar hulle is dit nie. Die nuwe volk van God is hulle wat sy Naam bely en getrou aan Hom is. Daarom word die Jode se plek van aanbidding hier 'n sinagoge van die Satan genoem.

Nog 'n rede vir die armoede van die gemeente was die afdwing van die keiserlike aanbidding. Inwoners het die vryheid gehad om hul kultuur en godsdienste te beoefen, solank hulle ook hul lojaliteit aan Rome bewys deur die keiser te aanbid. Daar is van die inwoners verwag om ten minste een maal per jaar offers ter ere van die keiser te bring. Vir die gemeente was dit natuurlik 'n gruwel om te doen. Daar is tog immers net één God om te bely, net één Naam. Sê die wet van God dan nie ook: *Jy mag naas My geen ander gode hê nie?* Die Christene het geweier om die keiser te aanbid. Gevolglik is hulle polities en ekonomies geïsoleer.

Net soos vandag, was daar verskeie gildes of vakbonde in die arbeidsektor. Maar die Christene wou nie deel wees van heidense vakbonde wat afgode vereer nie. So, hulle kon nie werk kry nie, want hulle is uitgesluit. Geen werk, geen inkomste. Dink daaraan hoe erg die ekonomiese gevolge van die nasionale inperking in ons land is. Daar is besighede wat eenvoudig moet toemaak, mense kan nie meer hul finansiële verpligtinge nakom nie. Daar is vir baie mense nie meer genoeg geld om net 'n bietjie kos te koop nie. Stel jou voor dat, vir die gemeente van Christus in Smirna, dit 'n permanente "lockdown" was! Dit was omstandighede wat hulle letterlik gebreek het.

Kan dinge vir hulle erger word as wat dit is? Ja, dit sou nog erger word. In v.10 lees ons dat die lyding nie minder gaan word nie, maar eerder meer intens. Hulle gaan in die tronk gegooi word sodat hulle in beproewing sal kom. Ons weet ook dat baie van hulle doodgemaak is. Een so voorbeeld is hul leraar, Polikarpus, een van Johannes se leerlinge. Dit word aanvaar dat hy die biskop van die kerk in Smirna was. Hy was al 86 jr. oud toe daar van hom vereis is om die keiser te aanbid deur te verklaar: “Ceasar is Here.” Maar Polikarpus het geweier. Daarna is hy na ‘n stadion geneem waar heelwat Christene ten aanskoue van die skare vir roofdiere gegooi is en lewendig verslind is. Weer ‘n keer is daar vir hom gevra om te sweer by die naam van die keiser en Christus te beledig. As hy dit doen, sal hy vrygelaat word. Daar word vertel dat Polikarpus toe geantwoord het: “Ses en tagtig jaar het ek Hom gedien, en nooit het Hy my enige leed aangedoen nie; hoe kan ek dan my Koning en my Verlosser vloek?” Hy het daarna op die brandstapel gesterf. In Smirna is dit letterlik doodsake om 'n Christen te wees!

Hoe praat die Here met hierdie gemeente? Watter troos en bemoediging gee Hy?

Jesus verstaan die omstandighede van die gemeente. Hy weet watter prys hul daarvoor moet betaal. *En tog is julle ryk*, sê Jesus. Hul getrouheid aan Hom maak hulle geestelik skatryk. Baie ryker as die rykdom van die stad. Hulle verhouding met Christus is meer werd as al die opofferings en geweldige lyding wat hulle moes verduur. Hulle rykdom lê verder daarin dat dit nie die Jode in die stad is wat aan Hom behoort nie, maar hulle wat sy Naam bely. Julle is Myne! Julle behoort aan My. Ek hou julle vas in my liefde.

Maar, sê Jesus, julle hoef nie bang te wees nie. Dit sal nie vir altyd aanhou nie. In v.10 staan hierdie woorde: *...“en julle sal tien dae lank baie swaar kry.”* Dit is 'n simboliese uitdrukking wat beteken dat dit slegs vir 'n beperkte tyd sal wees. 'n Helse beproewing, 'n tydperk waarin hul geloof tot die uiterste getoets gaan word, maar daar sal 'n einde aan kom. En dan sal Jesus vir hulle die lewe as kroon gee. Dit is 'n beeld uit die sportwêreld wat hulle goed verstaan. Die wenners het die lourierkrans ontvang as teken van die feit dat hulle gewen het. Net so beloof Jesus dat hulle die lewe as kroon sal ontvang, as teken dat hulle oorwinnaars is. Dit herinner baie aan die woorde van Paulus in 2 Tim.4:7-8 - *Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig enduit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God.* Watter belofte en troos van God is dit nie! Veral vir mense wat in die taal van Ps.23 *...“deur die dal van doodskaduwee”* moet gaan.

Die lewe as kroon... Oorwinning, glorie en totale vrede. Dit is wat uiteindelik vir die Christen wag wat tot die dood toe getrou is. Dis wonderlik, aan die een kant. Maar wanneer dit donker word om 'n mens, is dit darem baie moeilik om tot in die hemel te sien. Moeilik om aan beloftes vas te hou. Moeilik om God te verstaan. Moeilik om tot in die hemel te sien. Om dwarsdeur jou swaarkry tot in die hemel te kan sien, het jy 'n baie sterk verkyker nodig...

Maar let op hoe Jesus Hom aan die gemeente bekendstel. *Die Eerste en die Laaste; wat dood was en weer lewend geword het...* Hiermee herinner Hy die gelowiges in Smirna dat Hy hulle situasie so goed verstaan, omdat dit presies die pad was wat Hy op aarde moes loop. 'n Pad van vernedering, bespotting, verwerping en 'n marteldood aan die kruis. Ook Hy is geslaan met 'n sweep; ook Hy het niks besit behalwe die klere aan sy lyf nie, en selfs dit is later verdeel. Hy het geen huis of vaste adres gehad nie. Hy ken armoede. Hy is die Een wat ons daarin voorgegaan het. Hy ken die gevoel van verlatenheid aan die kruis. Hy verstaan ons magteloosheid in krisistye. Hy verstaan die skok van doodstyding. Hy ken die hartseer by 'n oop graf. Hy ken jou vrese en jou angs. Kortom, Jesus ken jou donker dieptes, jou dal van doodskaduwee, Hy was self daar!

Smirna is g'n die “eerste in grootte en skoonheid” soos dit op hul munte gegraveer was nie. God is!

God hou oor jou hele lewe die wag. Moenie bang wees nie, al stap jy dan die doodspaadjie, onthou, Jesus het opgestaan, Hy het die bande van die dood verbreek. Die opstanding van Christus is die verkyker waarmee ons tot in die hemel kan sien.

Watter troos moes dit nie vir die Christene in Smirna gewees het nie. En watter aanmoediging is dit nie vir die gemeentes van die Here nie. Bly getrou tot die dood toe, en Hy sal ons die lewe as kroon gee. Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeente sê.

Gebed

Here, U is my lig en my Redder,
vir wie sou ek bang wees?

U is my toevlug,
vir wie sou ek vrees?

Ek vertrou op U, Here.

Maak my sterk en moedig.

Ja, ek vertrou op U.

Amen

(Na aanleiding van Psalm 27:1,14)